Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 12/04 2019

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Bedankings</u>:**
   Groot dank aan die volgende persone en instansies wat behulpsaam was om die speelgrond te beveilig:
   - Kaap Agri – vir die skenk van pale;
   - Danie de Vos – vir die skenk van klip;
   - Dewald Labuschagne wat die arbeid verskaf het en
   - Johan v.d. Mescht vir die skenk van sand.

   Graag wil ons die borge en donateurs vir ons Mnr. en Mej. McLachlan bedank vir hulle ruim ondersteuning en pryse aan ons wenners:

   - Kontreikombuis (mev. Veronel Mostert);
   - Aman Cellular and Electronics (Joubertina Aman);
   - Joubertina Drankwinkel (Mia Koorzen);
   - Ester's Parlour (Samantha Kapank);
   - ADI (Anel Gerber);
   - Van Eeden's Juweliers (Humansdorp);
   - Justine (Sharleen Landman);
   - Faraz Cell and Sound (Joubertina);
   - Diner R62 (Beatrix Kritzinger);
   - Anika vd Mescht (oudhoofmeisie);
   - Hair by Dee (Daleen Kritzinger);
   - Avon (Janine Kritzinger);
   - Marlene Theron (Blomme);
   - Hair Creations (Lyn-Mari Murray);
   - La Bocage Gastehuis (Marize Labuschagne);
   - Karla v.d. Merwe en
   - Octofin (Joubertina).

   Dankie vir die betrokkenheid by ons leerders se ontwikkeling van selfbeeld, selfvertroue en karakters en ons skool se doelstellings met glansgeleenthede soos Mnr. en Mej. McLachlan 2019.

2. **<u>Vroeë skoolsluiting</u>:**
   Die skool sluit op Donderdag, 18 April, om 12:40. Roetebusse vertrek om 12:45.

3. **<u>Waardeprogram in April</u>:**
   Die VRL(Verteenwoordigende Raad van Leerders van die hoërskool) en BK(Bestuurskomitee van laerskool) het 'n jaarprojek geloods om positiewe lewenswaardes te vestig onder ons leerders.

INTERNET GENERATION
igen
internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

Ons het reeds saam met die VCSV-kringe volharding en selfbeheersing aangeleer met ondersteuning van slagspreuke, saalopeninge, kringlesse en kleurbaniere in die skoolvierkant.

In April wil ons graag fokus op burgerskap, wat ons met 'n pers banier uitbeeld. Burgerskap is 'n belangrike karaktereienskap vir enige goeie landsburger en sluit die volgende praktiese dinge in:

- **Werk saam met ander;**
- **wees wetsgehoorsaam;**
- **respekteer jou omgewing;**
- **spaar water en elektrisiteit en**
- **tel rommel op en gooi in asblikke.**

Die VRL en BK wil ouers aanmoedig om met hul kinders te praat oor burgerskap en help om hierdie waarde te vestig in hulle lewens. Burgerskap is om ons land en sy mense belangrik te ag en onselfsugtig op te tree.

4. **Toelatings 2020:**
Aansoek om toelating tot HS McLachlan open op 2 Mei 2019. Die sluitingsdatum van aansoeke is 15 Augustus 2019. Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie. Die skoolhoof behou die reg om toelating te weier.

5. **Wiskunde-ekstraklasse:**

Woensdag, 17 April:	Gr. 8 – 9:	Me. Hatton-Jones	14:15 – 15:00
	Gr. 10 – 12:	Mnr. Schlechter	14:15 – 15:00

Let asseblief daarop dat daar ongelukkig geen ekstra klas vir gr. 6- tot 7-leerders op Woensdag kan wees nie, aangesien mnr. Terblanche rugbyverpligtinge op die betrokke dag het.

6. **CAMI-klasse:**
(Wiskunde, Afrikaans en Engels – gr. 1 tot 9)
Dinsdag, Woensdag en Donderdag: 14:30 – 15:00
Reël met juf. Riana. Om vordering in die vakke te maak, moet hierdie klasse vir ‘n kwartaal lank gereeld bygewoon word.

7. **Matriekafskeidfondsinsameling – gholfdag:**
Die graad 11-leerders gaan ‘n gholfdag by die gholfklub op 27 April 2019 hou om fondse in te samel om vir ons graad 12’s ‘n onvergeetlike matriekafskeid te hou. Daar sal ook eetgoed en kindervermaak wees. Ons vra dat ons skool en ouers die dag sal kom ondersteun. Besprekings: Ferrol Knowles 078 6516 880

8. **Karoo 2 Coast – fietswedren: 22 September 2019:**
Hierdie is ‘n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R750 per voertuig. Neem kennis dat die wedren oor ‘n langnaweek plaasvind. Indien u beskikbaar is, kontak Cornelis Muller by 082 6121 498 òf stuur ‘n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

INTERNET GENERATION
igen
internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

9. **<u>Baie Geluk Mnr. en Juf. McLachlan</u>:**
Die kriteria vir die deelnemers was die vlg: hoe hulle die tema vertolk en gemodelleer het en die vraag beantwoord het. Tydens ons Mnr. en Mej. McLachlan glans-aand is die volgende leerders gekroon:

<u>Junior Dogters</u>: Eerste Prinses – Carol-lee Plaatjies en Mej. McL jr. – Samantha Faustino d'Assonville

<u>Junior Seuns</u>: Eerste Prins – Kianto Blou en Mnr. McL jr. – Sese Khovo

<u>Senior Seuns</u>: Eerste Prins – Breyton Barendse en Mnr. McL sr. 2019 – Nicola de Kock

<u>Senior Meisies</u>: Eerste Prinses – Vernitha Draai en Mej. McL sr 2019 – Marli van Zyl

Hulle het elkeen 'n satyn kroningsband en groot geskenksak vol geborgde pryse ontvang. Baie geluk aan hierdie leerders en hul gesinne.

10. **<u>VCSV</u>:**
Met die komende Paasfees van volgende naweek wil die VCSV die week ons leerders en gesinne bewus maak van die grootsheid en omvang van Jesus Christus se sterwe aan die kruis vir ons sonde en die opstanding uit die dood, m.b.v. ons hoërskool-saalbyeenkoms en laerskool-VCSV-kringe, video-vertonings en 'n paasfeeskoekverkoping op Donderdag, 18 April, deur die kringleiers. Ons gaan Paasbolletjies en Paaseiers verkoop saam met ander lekkernye. Ons beplan ook 'n Paaseier-skattejag en ander pretaktiwiteite om dit 'n ware feeskarakter te gee.

Die gr. 3 & 4 hou hulle VCSV-winterkamp op 10-12 Mei te Jeffreysbaai. Koste beloop R500 per leerder en inskrywings sluit op 3 Mei 2019. Inskrywingsvorms kan by mnr. Schlechter afgehaal word.

11. **<u>Sportnuus</u>:**
- <u>Netbal</u>:
  Baie geluk aan Amesha Stephanus wat deur is na die Oos-Kaap-proewe. Die proewe vind op 13 April in Oos-Londen plaas.

- <u>Atletiek</u>:
  Naudé Meyer geluk met jou silwer medalje in hoogspring tydens die Oos-Kaap se atletiekproewe.

- <u>Kermis</u>:
  Daar het verskeie spanne deelgeneem aan ons kermis se sportdag. Ons wil hulle geluk-wens met hulle prestasies gedurende die dag.

- <u>0/9-Mini-netbaldag – 17 April 2019</u>:
  Ons wens die 0/9A-netbalspan sterkte toe. Hulle speel Woensdag, 17 April, by Joubertina Sekondêr 'n mini-netbaltoernooi en hulle vertrek om 12:20.

- <u>Rugby</u>:
  Op Woensdag, 17 April, speel die 0/15's 'n tuiswedstryd teen HS Nico Malan.

- <u>0/12-Koukamma rugbyspan</u>:
  Baie geluk aan die volgende seuns wat deel is van die 0/12-Koukamma rugbyspan wat op Saterdag, 27 April, 'n wedstryd op Patensie gaan speel. Meer inligting sal later volg.

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

Jayden Zivale
Raymondo October
AJ Theron
Shaylon Jaftha
Sahwaan Fortuin
Hermi Vosloo
Pieter Strydom
Kevin Kennedy

Stan Pienaar

Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan

stan@hsmclachlan.co.za

Posbus 3, Joubertina, 6410

Oos-Kaap, Suid Afrika

Tel: +27 (0) 42 273 1335

Cell: +27 (0) 83 546 2788

Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan